# Fakulteit Geesteswetenskappe

## Sentrale provinsies (Vrystaat, Noordwes en Kwazulu-Natal)

### Dr. Jaco Deacon



**BIOSKETS:**
**Jaco Deacon** is sedert 2021 die uitvoerende hoof van FEDSAS, die Federasie van Beheerliggame van Suid-Afrikaanse Skole.

Voordat hy hom gevestig het as ’n internasionaal gerekende kenner op die gebied van onderwysreg, het hy as prokureur gepraktiseer. Later was hy ’n dosent in arbeidsreg by sy alma mater, die Universiteit van die Vrystaat, waar hy ook ’n doktorsgraad in arbeidsreg verwerf het. Hy is steeds betrokke by nagraadse studente by verskeie universiteite en het reeds talle navorsingsartikels gepubliseer.

Jaco se pad het met dié van FEDSAS gekruis toe hy as kandidaatprokureur by onderwysreg betrokke geraak het. FEDSAS was toe een van sy kliënte. Hy was aanvanklik vanaf 2008 deeltyds en sedert 2010 voltyds by FEDSAS betrokke. Nadat hy deur die Minister van Arbeid op ’n taakspan aangestel is om arbeidswette te hersien, is hy ook deur die Minister van Basiese Onderwys aangestel op die Suid-Afrikaanse Raad van Opvoeders.

Jaco is as skrywer, samesteller en redakteur betrokke by verskeie publikasies, sommige akademies en ander daarop gemik om onderwysbestuur vir skole en beheerliggame prakties te maak. Hy is ook as lid en voorsitter betrokke by talle ander verenigings in die onderwyssektor en tree gereeld nasionaal en internasionaal as spreker op.

Jaco se stem word gereeld in die media gehoor en word gereeld vir kommentaar op onderwysaangeleenthede genader.

Onderwys vorm ook ’n sentrale deel van die Deacons se huishouding. Jaco is met Tamari, ’n onderwyseres, getroud en hulle het drie kinders. Franco is nou in graad 12, Sune is in graad 10 en Hannes is in graad 6.

---000---